| Unique number of paper<br>Unieke nommer van vraestel |
|---|
| 459852 |

UNISA

**CMP102-4** ( 459852)

Oktober/November 2003

# STRAFPROSESREG 102

Tydsduur : 2 Uur

100 Punte


EKSAMINATORE :

EERSTE : PROF JP SWANEPOEL PROF K ALHEIT
ADV T DEANE

TWEEDE : PROF JJ JOUBERT


**Hierdie vraestel bestaan uit ses bladsye plus instruksies vir die voltooiing van 'n merkleesblad.**

**HIERDIE VRAESTEL TEL 'N HONDERD PUNTE EN BESTAAN UIT TWEE AFDELINGS, GEMERK A EN B. AFDELING A TEL 25 PUNTE EN B TEL 75 PUNTE. U MOET ALBEI AFDELINGS BEANTWOORD. AFDELING A BESTAAN UIT 25 WAAR OF VALS STELLINGS WAT U OP 'N AFSONDERLIKE MERKLEESBLAD MOET INVUL. AFDELING B BESTAAN UIT DRIE VRAE WAT U IN DIE ANTWOORDBOEK MOET BEANTWOORD.**

## AFDELING A

**NB: Beantwoord asseblief hierdie vrae op die merkleesblad wat saam met u antwoordboek aan u uitgereik word. U moet die instruksies oor die voltooiing van die merkleesblad sorgvuldig deurlees. Versuim om dit te doen kan veroorsaak dat u antwoorde nie deur die rekenaar nagesien kan word nie.**

Hier volg 25 vrae (gemerk 1–25). Elke vraag bestaan uit 'n stelling wat WAAR of VALS kan wees. U moet besluit of elke stelling waar of vals is en dit dienooreenkomstig aandui op die merkleesblad wat aan u verskaf is. Indien stelling 1 WAAR is, dui dit aan deur 'n strepie deur [1] by vraag 1 op die merkleesblad te trek, en indien dit VALS is, trek u 'n strepie deur [2] by vraag 1. U het dus slegs die opsie om [1] of [2] langs elke vraag te kies. So gaan u voort totdat u al 25 stellings oorweeg het.

**ONTHOU: [1] dui WAAR aan**
**[2] dui VALS aan**

**Hou ook in gedagte dat as 'n samegestelde stelling deels waar en deels vals is, dan is die stelling AS GEHEEL vals.**

**[BLAAI OM]**

## AFDELING A

### Vraag 1

Die Strafproseswet 51 van 1977 magtig die samevoeging van beskuldigdes ná opverhoorstelling maar nie voordat enige getuienis ten opsigte van die betrokke aanklag deur die aanklaer gelei is nie.

### Vraag 2

Getuienis by 'n strafverhoor moet *viva voce* (mondelings) gelewer word.

### Vraag 3

Waar die beskuldigde op slegs een aanklag teregstaan en skuldig pleit, is die aanklaer verplig om aan te dui of die pleit aanvaar word of nie.

### Vraag 4

Onbehoorlike kruisondervraging deur die aanklaer mag tot die tersydestelling van die skuldigbevinding op hersiening of appèl lei.

### Vraag 5

Wanneer 'n beskuldigde of sy verteenwoordiger enige feite wat betrekking het op die saak erken, hoef die staat daardie feite nie te bewys nie.

### Vraag 6

Die akkusatoriese stelsel in Suid Afrika impliseer dat die voorsittende beampte 'n relatiewe aktiewe rol tydens die verhoor speel.

### Vraag 7

As 'n beskuldigde eenmaal sy saak in die hande van 'n raadsman geplaas het, het laasgenoemde volledige beheer daaroor.

### Vraag 8

Alle vorige veroordelings verval na verloop van 'n periode van10 jaar.

### Vraag 9

Die pleit van *autrefois acquit* kan gehandhaaf word selfs waar dit gegrond is op die uitspraak van 'n vreemde hof.

**[BLAAI OM]**

**Vraag 10**

Alle laerhowe het die bevoegdheid om minimum vonnisse ingevolge a 51 van die Stafregwysigingswet 105 van 1997 vir sekere ernstige misdrywe op te lê.

**Vraag 11**

Waar 'n aanklag gebrekkig is omdat 'n wesenlike element van die misdryf nie beweer is nie, kan die beskuldigde nie skuldig bevind word nie.

**Vraag 12**

Die regter wat as hoof van die Konstitusionele Hof aangestel is, word die President van dié hof genoem.

**Vraag 13**

Waar 'n onreëlmatigheid wat tydens strafregtelike verrigtinge begaan is, so 'n growwe afwyking van die gevestigde reëls van die prosesreg uitmaak dat die beskuldigde nie behoorlik verhoor is nie, is dit onnodig dat 'n hof van appèl die toets moet aanwend om te bepaal of 'n redelike verhoorhof noodwendig 'n skuldigbevinding sou gemaak het indien daar geen onreëlmatigheid plaasgevind het nie.

**Vraag 14**

Indien 'n beskuldigde al die erkende remedies van appèl of hersiening uitgeput het of dit nie meer beskikbaar is nie, bestaan daar geen verdere remedie of regsprosesse indien nuwe getuienis na vore kom wat sy skuldigbevinding wesenlik raak nie.

**Vraag 15**

'n Persoon wat reeds skuldig bevind is, het 'n grondwetlike reg om te verwag dat hy begenadig sal word.

**Vraag 16**

Indien die beskuldigde in sy of haar kruisondervraging van staatsgetuies deur die hof belemmer word, mag dit die gevolg hê dat die skuldigbevinding by hoër beroep ter syde gestel word.

**Vraag 17**

'n Beskuldigde mag slegs die pleite van òf skuldig aan die misdaad hom ten gelaste gelê, òf onskuldig daaraan, opper.

**[BLAAI OM]**

**Vraag 18**

'n Getuie se vrees vir haar lewe en veiligheid van haar familie is nie voldoende verskoning wat die weiering om getuienis te lewer, verskoon nie.

**Vraag 19**

Wanneer 'n regterlike beampte rekuseer word, is die verhoor in die geheel nietig en kan die beskuldigde van nuuts aangekla word van dieselfde oortreding.

**Vraag 20**

Indien 'n boete nie spesifiek deur 'n wet as straf voorgeskryf word nie, mag 'n boete nogtans opgelê word.

**Vraag 21**

Ingevolge die *audi alteram partem* beginsel het die individu die reg op gelykheid voor die reg en op gelyke beskerming deur die reg.

**Vraag 22**

Die aanklaer het die reg om voordat enige getuienis aangevoer word, die hof toe te spreek met die doel om die aanklag te verduidelik en aan te toon welke getuienis vir die vervolging aangevoer sal word sonder om kommentaar daarop te lewer.

**Vraag 23**

'n Hof is verplig om 'n verandering van pleit van skuldig na onskuldig toe te laat selfs nadat uitspraak gelewer is.

**Vraag 24**

Ingevolge a 276(1)(i) van die Strafproseswet 51 van 1977 waarvolgens 'n beskuldigde uit gevangenisstraf na goeddunke van die Kommissaris onder korrektiewe toesig vrygelaat mag word, kan 'n verhoorhof hierdie vonnis opsie uitoefen indien daardie hof tevrede is dat 'n termyn van hoogstens sewe jaar gevangenisstraf gepas is vir die beskuldigde se misdade.

**Vraag 25**

Aangesien assessore in hoërhowe nie deelneem aan vonnisoplegging nie, sal dit onreëlmatig wees vir die regter om hulle te raadpleeg oor 'n gepaste straf.

**[25]**

**[BLAAI OM]**

## AFDELING B

**Hierdie afdeling bestaan uit drie vrae. U moet al drie vrae beantwoord in die antwoordboek. Let op dat daar 'n keuse is in een onderafdeling van elke vraag. Motiveer u antwoorde volledig.**

### Vraag 1

a) Bespreek die verskillende vorme van korrektiewe toesig en noem die belangrikste of standaard strafkomponente wat normaalweg by korrektiewe toesig ingesluit is. (11)

OF

X word in 'n laerhof skuldig bevind aan die diefstal van Y se hoëtroustelle en ander elektroniese toestelle ter waarde van R180 000. Terwyl X die gemelde eiendom van Y in sy besit gehad het is gedeeltes daarvan onherstelbaar beskadig en die ander is verkoop. Y wil vir sy skade vergoed word. Alhoewel dit algemeen bekend is dat X 'n lid is van 'n ryk misdaad sindikaat, het hy nogtans geen vorige veroordelings nie. Bespreek volledig die vonnis opsie wat u van oordeel is in hierdie omstandighede gepas sou wees.

(b) (i) Noem die feite of omstandighede wat in 'n beëdigde verklaring beweer moet word wanneer 'n aansoek op appèl gebring word om verdere getuienis te lei. (3)

(ii) Noem die gronde van hersiening soos uiteengesit in a 24 van die Wet op die Hooggeregshof waarvolgens die verrigtinge in 'n laerhof voor 'n hof van hersiening gebring kan word. (4)

(c) X word in Oktober 2003 in 'n laerhof aan diefstal skuldig bevind en deur landdros P gevonnis tot 'n boete van R8000, alternatiewelik tot 2 jaar gevangenisstraf plus 'n verder 15 maande gevangenisstraf wat opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat X nie tydens die periode van opskorting weer steel nie. P was 'n regterlike beampte vir 5 jaar waarna hy die regbank verlaat het vir 'n periode van 4 jaar, maar sedert Januarie 2001 is hy weer voltyds 'n regterlike beampte. Bespreek volledig met verskaffing van redes, die vraag of die vonnis aan outomatiese hersiening onderworpe is en verduidelik ook of u dink dat die vonnis 'n bevoegde en gepaste vonnis is. (7)

**[25]**

### Vraag 2

(a) X en Y is werkloos en het dae laas iets te ete gehad. Uit desperaatheid leen hulle 'n vuurwapen en steel 'n brood, melk en vleis van ABC Winkels. Die winkeleienaar sien dat hulle goedere in hulle sakke stop en konfronteer hulle. X haal die vuurwapen uit en rig dit op die winkeleienaar. Y raak paniekerig en hardloop weg. X slaan die winkeleienaar teen die kop met die vuurwapen en hardloop vinnig uit die winkel. Beide X en Y word later gearresteer.

**[BLAAI OM]**

(i) X en Y word gesamentlik aangekla van roof. Die aanklaer nader Y en vra hom om staatsgetuie te word. Y stem in en sy regsverteenwoordiger versoek 'n skeiding van verhore. Bespreek die vraag of 'n skeiding van verhore moontlik is ingevolge die Strafproseswet 51 van 1977. (8)

(ii) X word skuldig bevind aan roof. Gee 'n lys van die bevoegde uitsprake wat deur die voorsittende beampte gegee kan word op 'n klagte van roof. (5)

(b) Bespreek die reëls van toepassing wanneer 'n voorsittende beampte 'n uitspraak mag wysig. (5)

(c) Skryf aantekeninge oor die ontslag van 'n beskuldigde aan die einde van die staat se saak. (7)

OF

Skryf aantekeninge oor uitsonderings op die algemene reël dat getuienis in 'n strafverhoor *viva voce* gelewer moet word. (7)

**Vraag 3**

(a) X, 'n 17jarige, word gedreig met die dood indien hy getuienis lewer in 'n moordverhoor waarin sy mede-bendelede betrokke is. Na dagvaarding om as getuie in die verhoor te verskyn, vrees hy vir sy lewe en nader u vir regsadvies. Hoe sal u hom adviseer? (10)

OF

Beskudigde X het na bewering Y aangerand waarna Y dood is. X word aangekla van twee klagtes: (1) aanranding met die opset om ernstig te beseer; en (2) moord. X maak beswaar daarteen om van beide klagtes aangekla te word omdat dit neerkom op 'n 'splitsing van klagtes'. Bespreek die relevante regsbeginsels. (10)

(b) Die beskuldigde is skuldig bevind en gevonnis op 'n klagte van strafbare manslag in die landdroshof. By appèl na die Hoë hof word die bevinding en die vonnis ter syde gestel as gevolg van 'n onreëlmatigheid wat die verhoor in die laerhof ongeldig gemaak het. Die beskuldigde word daarna in die streekhof aangekla van strafbare manslag voortspruitend uit dieselfde insident. Die beskuldigde opper 'n pleit van vorige vryspraak (*autrefois acquit*). Bespreek. (10)

(c) Noem 5 gevalle waar die beskuldigde nie geregtig sal wees op vryspraak of skuldigbevinding te eis nie. (5)

**[25]**

**TOTAAL: [100]**

©
Unisa 2003